Tredoux, Elizabeth In: Sarie Marais 28 Mei 1958 p19

Dit kan dalk gebeur dat die leserspubliek gaande raak oor Rabie se ruimteriliers en die ernstiger werk, ernstig in die sin dat hy met duidelike woord vir woord toewyding aan hulle gewerk het, verbyloop. Dit sal jammer wees.

Sy tweede bundel sketse en verhale het 'n ruk gelede by Balkema verskyn. Dit heet *Bakkamer en Agterplaas*. Die baie geslaagde buiteblad het sy vrou, Marjorie Wallace, gemaak. Dit is 'n tweede keur van sy prosawerk van die afgelope tien jaar — weer, soos in die geval van die eerste, *Een-en-twintig*, chronologies en met datums gerangskik.

Een klompie verhale wat seker saam gegroepeer kan word, is die wat klink soos vertellings van ou boerestories uit Stilbaai se rivierkontrei. As jy na die datums kyk waarop hulle geskryf is, kan jy sien hulle dagteken uit daardie dae van die hoë Paryse dakkamertjie waaroor jy ook te lees kry. *Doodgeld, Die Bed, Die Dag van die Kasteroliebottel 'n Ander Kitaar* behoort tot dié groep.

Met miskien die uitsondering van laasgenoemde verhaal gaan almal oor die soort onderwerpe waaroor ooms in onderbaadjies by veevandisies onder mekaar staan jil: die humor is van die breedste. Die skrywer is in die stukke 'n man wat sy mense van buite waarneem en hulle met 'n spotprent-raakheid beskryf. Vir my is sy manier van doen nogal 'n welkome afwisseling van die plegtige piëteit en „ontroerende realisme" waarmee baie van ons skrywers ou dae (en tot vandag toe soms) oor ons ampies geskrywe het.

Vanselfsprekend: Jan Rabie se benadering bring sy eie beperkinge mee.

Die gevaar, soos dit my voorkom, is dat hierdie skrywer so 'n valk-oog vir Situasie het dat hy hom in die versoeking laat lei om Situasie as sodanig uit te beeld. Dan kry jy 'n onsuiwer element. Dit het hom selfs nog in *Jaffie Leer* die laaste, dus nuutste, verhaaltjie in die bundel, gevang. Omdat die situasie daarin te vlak gesien is, verloop die storietjie, wat so mooi kon gewees het, in *Reader's Digest*-sentimentaliteit.

Maar as jy 'n *Ander Kitaar* lees, van die sinistere gang van die roeiskuit op die nag-rivier — as jy die rivier, soos die skrywer, met elke sintuig begin aanvoel, besef jy hoe die herinnering aan sy eie land en mense vir die man-in-die-dakkamertjie musiek moes geword het. Vir een wat só kan skryf en atmosfeer herskep, 'n blommetjie!

Die tweede groep sketse in die bundel — insluitende *Op die Berg*, een van die mooiste vir my in die boek — word stryd binne-in 'n man veruiterlik in 'n botsing tussen karakters. Jon stry nie teen die sneeuberg nie, ook nie teen die gids wat hom waarsku dat dit onveilig is om hoër op te dwing nie. Sy opstand is die opstand van 'n klein seuntjie teen 'n destyds oorheersende vader, wat reg had. So kom dit dat die verhaal eintlik twee spore tegelyk trap. Met dié soort verhale het Rabie, m.i., heelwat slag, al is *Kind en Onder die Hemel* nie so geslaag soos *Op die Berg* nie. Hulle het in elk geval nie so 'n skitterende beskrywing van die sneeubevange berg en die klein warmte van die stoofvuur van die berghutjie nie.

Die paar erg subjektiewe sketse soos *Dakkamer* en *Bou* is vir my minder lekker. Slim en so, maar darem so selfvertonerig, of hoe?

'n Boek van 'n ander jonger skrywer is Etienne Leroux se nuwe — nou ja, moet 'n mens dit 'n roman noem? Ná *Die Eerste Lewe van Colet*, wat soos hierdie nuwe by Culemborg verskyn het, was ek nuuskierig om te sien wat in sy verdere lewe van die sensitiewe Colet-kind word. Die vervolg het nou verskyn, met name *Hilaria*. As Francois Sagan hom nie voor was nie, het die skrywer dit seker, en meer gepas, *Bonjour, Tristesse* genoem.

Die opgaaf van karakters voorin sluit die volgende onder die lewendes in: *Colet*, teruggekeerde soldaat (onthou, laas het hy mos aan die end van die boek leër in gevaar); *Thelma*, sy vrou; *Bill*, soldaatvriend van Colet; *Lila*, vriendin van Bill; *Julius Johnson*, eienaar van 'n fabriek wat plastiekblindings vervaardig en werkgewer van Colet; *Cadillac Thunderbolt*, motor van Julius Johnson; *Marie du Toit*, gewese goewernante van Colet (die enetjie by wie hy in die eerste boek nie geslaap kan kry nie), nou onderwyseres in 'n Kaapse meisieskool. Onder die dooies wat deelneem, is *Theuns*, Colet se vader; *Sara*, die bediende wat hom opgepas het toe hy 'n kind was; *Demeter, Hades, Persephone, Heccate, Teiresias* ensovoorts in die koor. Nou toe kom, Willem Elschot, junior, laat ons sien, dag ek hoopvol.

Die storie draai (so half) om 'n yslike optog om hierdie genoemde plastiekblindings te adverteer (Julius J. is 'n man wat glo in die ontwaking van die land, in „fabrieke, skemahuise, woonstelle, strandoorde, *townships*, groei, lewe mannekrag"!!). Jou vrou en jou moeder kom nie reg nie; jou vrou verwag 'n baba, maar jy het drange na jou beste vriend se nooi, jou arm is in die oorlog verskrompel, die wêreld smaak soos bitter as op jou tong en waaraan word jy verwag om jou te wy? Aan plastiekblindings . . .

★ ★ ★

**In die lande waar 'n tiran heers, sidder almal, maar niemand is so bang soos die tiran self nie.**

★ ★ ★

Colet belewe die groot en blikkerig suksesvolle optog nie. Teen dié tyd is hy ook een van die „karakters in die verlede tyd". Hy het vrygebreek van alles: al die vrees, al die verydeling, al die verset, en van 'n hoë, slanke denneboom gestort. Hy sterf, deurboor deur 'n tak. Die oomblik voordat die tak breek, is egter een van wilde, meevoerende geluk — die boek se duiselende *hilaria*. Hy swaai hoog heen en weer in die boomtop, sien „see, ligte, berge en sterre, see, ligte, berge en sterre", begryp die paradoks van die lewe, die vuilheid, die skoonheid, die wreedheid, die mededoë. „Vorming van 'n suiwer begrip: die Lewe is ek!" Dis die punt van die boek, glo.

Die onderwerp, soos dié wat in die eerste Colet behandel is, is vir Afrikaans minder gewoon. Die skrywer meet die lewe met sensitiewe sentimeters, meet die angsgrepe, die oomblikke van ongebalanseerde hilariteit, van hunkering na die verlede, van herbelewing van die oorlog. Hy slaag daarin om soms 'n Salvador Dali-landskap van die gees te teken. Dit geskied hoofsaaklik in die staccato-styl, een-woord-in-'n-paragraaf-stryk, waarvan hy skynbaar baie hou. Hy hou ook daarvan om sy eie woorde te maak en om sy eie stelsel van woordorde te volg ('n Mens sê nie *Colet roer* nie, jy sê *roer Colet*). Die eksperimentele aard van die dinge het verdienste, wil ek graag glo.

Maar as die skrywer verder ontwikkel, sal 'n mens 'n sterker vormsin in sy werk soek, wat 'n beter raamwerk sal gee aan die senuweeagtige grafiek van sy hoofstukke. Jy sal ook wag op die ontwikkeling van die ritmiese vermoë van sy taal, al is dit dan om net by wyse van afwisseling te gebruik. Sulke aanmekaar kliniese taalgebruik — 'n mens voel op die duur darem te gesteriliseerd!

*Hilaria* is m.i. nie 'n verbetering op *Die Eerste Lewe van Colet* nie. Maar ek, elk geval, sal jammer wees as die skrywer nie weer van hom laat hoor nie. Ons het hier 'n man wat nie bang is om die kontemporêre kaalhand te pak nie. (Aan die uitgewer: maar volgende keer, asseblief, beter papier?)

'n SKRYWER wat wel grootliks op sy vorige boek verbeter het, is H. J. Vermaas. Ek het nou die dag van sy *Die Reus van Doringberg* vertel. Hy het ook *My Perd Staan Gereed* geskryf, as ek dit nie mis het nie. Nou het van hom, by die Nasionale Boekhandel, verskyn *Die Swartwitpens*. Dié boeke is heelwat minder pretensieus as dié van Rabie en Le Roux (nie dat ek pretensieus hier in slegte sin wil laat verstaan nie), maar op eie gebied is die *Swartwitpens* iets moois.

Dis eintlik 'n jagboek. Ek weet nie hoe die *Sarie*-lesers oor jagboeke as sodanig voel nie. Ek self lees hulle nie bra normaalweg nie. Maar soos hierdie man oor die veld skrywe! Dit voel of die bloed van 'n vergete jagtervoorouer so in 'n mens se bloed begin roer, roer! Ore, oë, reuksin word skerper, intuïtiewe aanvoeling met die wil kom weer . . . Om die boek te lees, is so goed soos 'n vakansie in die Wildtuin!

Tjaart soek die swartwitpensram met die pragtige horings uit. Die ram kom dit agter, swenk weg, koers van die trop, land, gevaarlike koorsstreek in. Die verhaal is van hoe die één man die één bok agternasit, en van hoe die tog agter die bok aan, 'n geleentheid word om iets veel groters uit te spook: hy wat Tjaart is, moet hy enkel-jagter bly, maande lank veld-in verdwyn om dood te skiet, of het dit tyd geword dat hy die jag los, met die mooie, liewe Lenie trou, kom landpale inslaan? Dis 'n verhaal uit ons land se makmaak-dae.

Miskien meer vir kinders, of jong mense, is 'n ander veldboekie *Die Swerwerhond*, van C. R. de W. van Wyk (Afrikaanse Pers Boekhandel). Dis van Vlam, die windhondjie, wat tussen die jakkalsies beland en saam met hulle jag. Dis in die *Uit Oerwoud en Vlakte*-tradisie. Ek het, oud soos ek is, dit terdeë geniet.


**HALO** verfraai u hare met u heel eerste sjampoe



HALO LAAT U HARE

*Skoner! Sagter! Glansryker!*




Met u heel eerste sjampoe, bring helderkleurige, vloeibare Halo al die glansryke skoonheid van u hare na vore, onthul meer vonkelende fraaiheid, veel meer skitterprag. Met Halo is u krulle sagter, lewendiger . . . u hare wonderlik hanteerbaar. Halo is 'n opfrisser wat u hare gesonder, liefliker hou. Veilige, streelsagte Halo-sjampoe reinig deeglik, verwyder ontsierende skilfers. G'n spesiale spoelmiddels is nodig nie. Gebruik dit vandag nog—hy sal in *vervoering* raak oor Halo se romantiese, na-huiwerende geur!

*Verfraaiende* **HALO**

*onthul die verborge prag van u hare!*

Die woord „Halo" is die geregistreerde handelsmerk van Colgate-Palmolive Bpk.

Grant 25/93



**MAUDELLA-PATRONE**

KATALOGUS VIR 1958

**3/6 Posvry**

**500** verruklike modelle vir dames en kinders. Dit sluit 'n uiters nuttige uitknip- en naaldwerk-gids in. Patrone by ons verkrygbaar teen

**2/6 en 3/- elk. Posvry**

POS VANDAG HIERDIE KOEPON

Aan: GEO. CLARKE (EDMS.) BPK., Victoriaweg 8, MOWBRAY, K.P.
Stuur my asseblief per kerende pos die MAUDELLA-KATALOGUS vir 1958 waarvoor ek 'n posorder van 3/6 insluit.

NAAM ..............................

ADRES .............................. S.M. 28/5/58

**CLARKE'S**

VICTORIAWEG 8 MOWBRAY, K.P. FOON 65-9571